# Resensies


- Heese, H.F. 2005. **Groep sonder grense: Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Johann W.N. Tempelhoff*) ...................................................... 153
- Du Plessis, Isak. 2005. **Jesus: die keuse: Eerlike geloofsvrae oor die Jesusgesprek.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*Tjaart van der Walt*) ................................................................ 155

# Resensies

# Standaardwerk oor vroëe sosio-ekonomiese strukture in Suid-Afrika

**Heese, H.F.** 2005. **Groep sonder grense: Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795.**
Pretoria: Protea Boekhuis. 160 p. Prys: R99,95. ISBN: 1-86919-057-2.

**Resensent:** *Johann W.N. Tempelhoff*
(Skool vir Basiese Wetenskappe,
Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit)

Die historiografie van rasseverhoudings het in die jare sewentig van die vorige eeu merkwaardige vooruitgang gemaak. Saam met die radikale skool van historiografie wat deur neo-marxistiese historici aan Engelstalige universiteite binne en buite Suid-Afrika gedryf is, het historici aan die Universiteit van die Wes-Kaap in 1976 by die Instituut vir Historiese Navorsing (IHN) ’n meer gematigde rigting ingelaan en oor die geskiedenis van verhoudings tussen verskillende bevolkingsgroepe ’n besondere bydrae gelewer. Die geskiedenis van slawerny in alle wêrelddele was in daardie stadium ’n besonder sterk internasionale navorsingsfokus. Gevolglik het die IHN, wat grootliks op die bruinmense aan die Kaap gekonsentreer het, heelwat baanbrekerswerk verrig op ’n terrein waaroor daar ’n bepaalde tekort aan inligting bestaan het.

Ander Wes-Kaapse historici het in hierdie jare ook navorsingswerk op hierdie terrein gedoen. Wyle dr. Anna J. Boëseken het reeds in 1977 *Slaves and free blacks at the Cape,* 1658-1700 (Kaapstad: Tafelberg) gepubliseer – ’n werk oor die slawe en vryswartes aan die Kaap. Die werk was grootliks op ’n akademiese lesersgroep afgestem en die tema was so geformuleer dat dit gelyktydig met soortgelyke navorsing in die Verenigde State van Amerika, Suid-

Amerika en die Verenigde Koninkryk gelees kon word. Twee jaar later, in 1979, het R. Elphick en H. Giliomee se *Shaping of South African society, 1652-1820,* (Kaapstad: Longman) en in 1981 die minder bekende, maar ewe belangrike werk *Die Vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657-1707,* (Kaapstad: Historiese Publikasie-Vereniging) van dr. Con de Wet die lig gesien. Hierdie werke is gekenmerk deur breë sosio-ekonomiese analitiese grondslae vir die "nuwe" verstaan van die vroeë Kaapse geskiedenis.

Hierdie werk van Heese, wat in 1985 vir die eerste keer verskyn het, was baanbrekerswerk en verfrissend nuut. Dit het destyds vanuit 'n onverwagse oord lesers oor 'n breë belangstellingsveld regop laat sit. Die mees persoonlike vorm van gemeenskaplike vereenselwiging in 'n samelewing – familiename en genealogiese data – het veral blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van hul herkoms laat kennis neem. Daar was sommige Afrikaners wat niks daarvan wou weet nie en, volgens die skrywer (p. 8) selfs met hofsake gedreig het. Ander het die gegewens gelate aanvaar, soos die destydse regering wat op die weg van hervorming was, en om braaivleisvure daaroor geskerts.

Dit is om hierdie rede verblydend dat Protea Boekhuis die waagstuk aangegaan het om 'n besonder waardevolle werk weer te publiseer.

Veral genealoë sal die werk van waarde vind. Huwelike en buite-egtelike verbintenisse tussen mense van Europese afkoms ("blankes") en slawe, vrygestelde slawe en gekleurde mense wat nooit slawe was nie, word noukeurig uiteengesit.

Heese het 'n deurbraak gemaak deurdat hy individualistiese gegewens gebruik het. Vir genealogiese studies is hierdie werk dus steeds van belang. Die inligting is destyds in kwantitatiewe datastelle verwerk om 'n onsigbare deel van die Kaapse samelewing in analitiese kontekste te verhelder.

In *Groep sonder grense* word formele verbintenisse deur middel van wettige huweliksooreenkomste tussen blankes en slawe verduidelik, waarna op buite-egtelike verbintenisse gelet word. Aandag word ook gegee aan vrygestelde slawe wat met "blankes" in die huwelik getree het. Terselfdertyd word ook op huwelike gekonsentreer tussen blankes en mense van kleur wat nie nooit slawe was nie.

Die belangrikheid van die werk is egter gesetel in die inligting oor die sosio-ekonomiese strukture van die Kaapse samelewing in die sewentiende en agtiende eeu. Die ekonomiese status en die

verskillende opvattings tussen mense in die kosmopolitiese hawesentrum van Kaapstad en die landelike gebiede van die Kaap bring duidelike onderskeidingselemente na vore. Dit is interessant dat Heese bevind dat die mense van nie-gemengde afkoms duidelik ’n ekonomiese voorsprong bo mense van kleur gehad het.

Op die terrein van die sosiale ordening van die gemeenskap – verdediging en die godsdiens – was daar ook bepaalde aspekte van kleurdiskriminasie wat beslag gekry het. Dit is met ’n mate van ironie dat die leser kennis neem van die feit dat die sosiale en ekonomiese vooruitgang van mense in die Kaapse samelewing tot aan die einde van die agtiende eeu op aanvaarding deur die blankes aangewese was. Die voorkoms van ’n individu, asook sy/haar geboorte binne of buite slawerny, was van deurslaggewende belang. Daarby moes die persoon, indien hy/sy van Islamitiese afkoms was, onvoorwaardelik die Christelike godsdiens aanvaar.

’n Verdere waardevolle bydrae van die boek, vir genealogiese studies, is die omvattende naamlys van mense wat tussen 1652 en 1795 oor die kleurgrense verbintenisse aangegaan het.

*Groep sonder grense* is tans ’n standaardwerk. Die omstredenheid het dit destyds laat uitstaan tussen baie ander verkennende werke oor die vroeë Kaapse geskiedenis. Tans, en waarskynlik ook in die toekoms sal dit steeds ’n belangrike werk wees op grond van die goeie navorsing wat daarin vervat is.

# Historiese Jesus of Verkondigde Christus

**Du Plessis, Isak.** 2005. **Jesus: die keuse: Eerlike geloofsvrae oor die Jesusgesprek.** Wellington: Lux Verbi.BM. 256 p.
Prys: R109,95. ISBN: 0 7963 0266 9.

**Resensent:** *Tjaart van der Walt*
(Emeritus: Vakgroep Nuwe Testament,
(Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

In hierdie boek – waarvoor die fondament al deur die skrywer in vorige publikasies gelê is – herken ek opnuut my Kampense studiemaat van amper ’n halfeeu gelede: irenies, veel eerder

versoenend as verdoemend, in die trant van: Kom ons maak ruimte om van mekaar te verskil, en tog by mekaar te bly.

Die vraagstuk waaroor die boek handel is weliswaar nie nuut nie, maar dit het die afgelope tyd ook onder die aandag van die breë publiek gekom – dikwels nogal sensasioneel in die media opgedis. Dat die reaksie verbasing en soms ook ’n skok was, is nie vreemd nie. Dit is tot hierdie publiek wat die skrywer sy boek rig.

Die eintlike vraag van die boek is: Is die Jesus van wie ons in die Bybel lees, dieselfde as die Man van Nasaret wat twee millennia gelede oor die velde van Galilea en in die stofstrate van Jerusalem gestap het?

Die oorgrote meerderheid gelowiges sal bevestigend antwoord. Daarteenoor is daar egter talle teoloë wat dit beslis sal ontken.

Maar is dit noodwendig die een of die ander? In sy boek wil die outeur "’n verrassende derde weg" aanwys wat "onbevange (wegbreek) uit die dooiepunt rondom die Jesus-debat". "Sien die **skakel** tussen Jesus as historiese persoon wat deur sy volgelinge in *’n verhaal* aan ons oorgedra word, en Christus soos sy *volgelinge* Hom in die geloof geïnterpreteer het en nog steeds uitleef".

Wat hierdie skakel presies is, het egter nêrens uit die boek vir my duidelik geword nie. Ek kan die lastige gevoel nie van my afskud nie dat die outeur eintlik basies nog maar in dieselfde spoor is as Martin Kähler. Kähler het in 1892 in ’n kort, maar epogmakende geskrif, die onderskeid tussen die Historiese Jesus en die Kerugmatiese Christus (die Christus van die verkondiging) aan die orde gestel.

Die geskrif het die deur geopen om te sê dat ons van die Historiese Jesus, ondanks al ons indringende, kritiese, wetenskaplike navorsing, maar baie min met sekerheid weet. Dit maak egter ook nie saak nie. Wat uiteindelik belangrik is, is die Christus soos Hy in die Woordverkondiging tot ons kom. (Vergelyk hierdie redenasie met wat die outeur reeds in die "vooraf" stel en daarna telkens soos ’n refrein weer op byvoorbeeld p. 22, 23, 30, 99, 222 en 223.)

Die waarde van die boek is myns insiens veral tweërlei. Eerstens gee dit vir die leek ’n indruk van die debat wat die laaste dekades in sekere kringe van die Nuwe-Testamentiese vakwêreld gevoer is. Hierdie dabat het deur die *Nuwe Hervorming* en die *Jesus Seminaar* groot nuus in die media geword (vgl. Deel I: "Die *Historiese* Jesus. Soektog na Jesus binne sy tyd en konteks").

Die tweede waarde lê in die simpatieke wyse waarop die outeur sy lesers op ’n toer deur die Lukas-evangelie neem (vgl. Deel II: Die *Verkondigde* Christus. Die boodskap van Christus vir ons tyd en geloof).

Die kernprobleem van die boek is die volgende: sou Deel II (behalwe vir die inleidende en samevattende hoofstukke, en ’n paar opmerkings tussenin) soveel anders daar uitgesien het as daar nie ’n Deel I was nie? Is die outeur se strewe om ’n verbinding te maak tussen die Historiese Jesus en die Verkondigde Christus – ek sê dit met deernis – nie tog maar ’n sit-op-twee-stoele nie? As die probleemstelling uitgaan van ’n basiese diskontinuïteit, is die kans dat die antwoord ’n wesenlike kontinuïteit sal bring, immers minimaal.

Soos die Narratiewe Teologie, word daar telkens van “die verhaal” gepraat. Maar is die verhaal feit of fiksie? Die outeur sal waarskynlik antwoord albei. Wat is dan egter die verband tussen feit en fiksie; Wat is feit en wat is fiksie, en hoe weet ons dit?

Insgelyks as die skrywer keer op keer beklemtoon dat ons in die Evangelies met “’n geïnterpreteerde verhaal” te doen het, bly die kernvraag: Is die interpretasie reg of verkeerd, getrou aan die oorspronklike, of ’n produk van die “kreatiwiteit” van “die vertolkers”? As die Evangelieskrywers “hulle verhale oor Jesus geskryf het vanuit hulle geloofsoortuiging, en binne die tradisies en die raamwerk van die vroeë kerk” (p. 43), doen hulle “geloofsoortuiging” reg aan wat Jesus gesê, gedoen en verduur het? En is “die tradisies en raamwerk van die vroeë kerk” nog in die spoor van Jesus van Nasaret wat gekruisig is, maar die dood oorwin het en na die hemel opgevaar het?

Die inspirasie van die Heilige Gees is inderdaad “’n diep geheim” (p. 49), maar beteken dit steeds die Heilige Gees sal “julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (Joh. 14:26)? Is die Evangelies gedagtes óór God of die openbaring ván God? Vergelyk byvoorbeeld uitsprake soos die volgende: “Die Evangelies – en trouens die hele Nuwe Testament, ja, die hele Bybel – is die werk van mense wat oor hulle *ervaring van God* besin het en dit later op skrif gestel het” (p. 124); of p. 108: “God het nie die Bybel geskryf nie. Hy het dit aan mense oorgelaat om oor God te skryf in die boeke van die Bybel.”

Myns insiens maak die skrywer dieselfde fout as Crossan (p. 104) deur van ’n valse alternatief uit te gaan. Die alternatief vir die Evangelies as “interpretasies van die skrywers in verhaalvorm” is

sekerlik nie net dat mens hulle moet lees as "bloot letterlike weergawes of rapporte van wat gebeur het" nie! (p. 124, ook p. 50 en p. 108). Die Evangelies is inderdaad geloofsgetuienisse (vgl. Joh. 20:31), nie biografieë nie. Getuig hulle egter van Jesus soos Hy werklik was en is, of alleen maar soos hulle van Hom geglo het?

Die outeur sê meermale wat hy eerlik genoeg al in sy "Vooraf" gestel het: "Dit is vir my duidelik dat daar woorde en dade van Jesus in die Evangelies opgeteken is wat ons waarskynlik nie kan teugvoer na die *historiese* Jesus nie – dit is Jesus soos Hy regtig op aarde geleef het" (vgl. weer die samevatting op p. 222 en 227). Waarom nie, sê die skrywer egter nêrens nie. Die besoek van die wyse manne uit die Ooste is byvoorbeeld "'n pragtige verhaal met wonderlike simboliek" (p. 39), maar het dit werklik plaasgevind? Belangriker is egter dat dit onseker is wat die skrywer se siening van die opstanding van Christus (p. 118, 145 en 211) is en of Hy inderdaad die Seun van God is (p. 49). Hoe is dit moontlik dat daar in 'n studie oor Jesus (as "keuse") geen woord gesê word oor die betekenis van sy dood en opstanding vir sy volgelinge – en ons – nie?

As daar meermale 'n beroep gedoen word op die leser se "kreatiwiteit" (vgl. p. 52), wat is die raamwerk en ook die beperkings van hierdie "kreatiwiteit"? As dit nie duidelik uitgespel word nie (die naaste daaraan is op p. 130), laat dit 'n mens vry om 'n Jesus (of 'n Christus) "kreatief" te skep na jóú beeld en jóú gelykenis, na jóú smaak en volgens jóú persoonlike geloofsoortuigings – soos trouens keer op keer in die geskiedenis gebeur het (waarvan die outeur self 'n paar resenter gevalle aantoon).

Nog 'n refrein is dat ons "met intellektuele integriteit" 'n "ingeligte keuse" moet maak. Wie lig hier in? Wat is die maatstaf vir hierdie "ingeligte keuse"? Is dit nog steeds ook die *regula fidei*, die belydenisskrifte waarin die Kerk van Christus oor eeue heen hulle geloof onder woorde gebring het? Het die *Aufklärung* (Verligting) nie ook daarop aanspraak gemaak dat hulle, en hulle alleen, ingeligte keuses maak nie?

Ek het groot waardering vir die simpatieke openheid, wat die skrywer dikwels "eerlik geloofsvrae" noem, maar bied die boek ook eerlike, Bybelgetroue, geloofsantwoorde?

Moet egter vir geen oomblik dink dat u u tyd gaan mors as u die boek indringend en aandagtig lees en dalk herlees nie. U gaan intelligent (intellektueel?) stoei met 'n skrywer in wie daar, na die Bybelwoord, geen bedrog is nie.